

## ***Preekreeks: Die gelykenisse van Jesus (4)***

***Wat leer die gelykenis van die Verlore Skaap ons oor die Koninkryk van God?***

***18 Augustus 2019***

***Lukas 15 4-6***

### **Inleiding**

**1.**

Gemeente van ons Here, Jesus Christus.

Ons is op die oomblik besig met 'n preekreeks wat handel oor die gelykenisse van Jesus. Ons kyk in die besonder na wat Jesus se gelykenisse ons te vertel het oor God se koninkryk en hoe dit reeds vandag, in ons midde, sigbaar kan word.

Laasweek het ons die gelykenis van die verlore skaap geles en dit op die tradisionele wyse geïnterpreteer.

***Kan een van julle miskien onthou wat die boodskap van laasweek se erediens was?***

- Ons het onder andere vir mekaar gesê dat die herder waarvan ons lees gewoonlik gesien is as **God terwyl die verlore skaap 'n sondaar** is wat sy rug op die Here draai en die kudde verlaat.
- Ons het ook in die proses iets van die hart van die Here geleer. Ons het geleer dat die Here **genadig, liefdevol en vergewensgesind** is teenoor jou en my wat somtyds in twyfel en geloof vasgevang is. Nog meer vriende – ons het gehoor dat God 'n **hart het vir die wat verlore in die wildernis** is.
- Dit is ook 'n boodskap wat ons **vertroos en hoop** gee. Maak nie saak waar onself in die lewe bevind nie, die Here sal altyd as ons herder agter ons aanloop, ons soek, ons vind, en op sy skouers tel en terug na die kudde neem.
- God doen dit by uitstek deurdat Hy **Jesus** na die wêreld stuur en op die wyse die wat verlore is vind.
- Dit is egter nie al nie. Lees ons die gelykenis van die verlore skaap op die wyse besef ons dat ons **ook 'n herder moet wees** vir die wat deel is van ons lewe. Netsoos God 'n herder vir jou is, moet jy uit dankbaarheid 'n herder wees wie

hulself in die wildernis van hartseer, skuld, selfhaat en depressie bevind. Ons moet 'n herder wees vir die wat hulself in wildernis van twyfel en ongeloof bevind. Ons moet 'n herder wees vir die wat hulself in die wildernis van armoede, siekte en eensaamheid bevind.

## 2.

---

Ek wonder egter of ons die gelykenis van die verlore skaap op 'n ander wyse kan lees en interpreteer? Kan ons miskien die gelykenis op so wyse verstaan wat ons iets van God se koninkryk leer?

Ek is daarvan oortuig.

Voordat ons egter daarmee kan begin moet ons eers weer die gelykenis lees. Ons gaan dit egter vanoggend op 'n ander wyse doen. Ons gaan 'n video kyk en in die video word die teks ook vir ons weergegee.

### Videogreep:

### Prediking:

## 3.

---

***Wat dink julle gemeente? Ignoreer gou vir 'n oomblik wat ons sopas oor die gelykenis gesê het. Kan ons ons die gelykenis op 'n ander wyse lees wat ons miskien iets van God se koninkryk vertel?***

Ek besef dat dit 'n ongelooflik moeilike vraag is om te beantwoord.

Dalk moet ek vir julle 'n paar leidrade gee.

- Verbeel vir 'n oomblik dat ons hier met 'n regte herder en sy kudde te make het.
- Een van die skape raak weg waarna hy die ander in die veld laat om die een wat weg is te soek.
- Kry hy hom weer is daar feesvieringe in die dorp waar hy woon.

***Indien ons te make het met 'n regter herder, 'n man van vlees en bloed, wie was hy dan? Onder watse omstandighede het hy geleef en 'bestaan probeer maak?***

- Hy het geleef in 'n wêreld wat deur twee koninkryke gedomineer was. Die **Romeinse ryk** en die **Joodse tempel** aan die ander kant het die landskap van die Bybel geregeer. Hulle bewind was egter gekenmerk deur geweld, uitbuiting en die verstoot of rangeer van mense.
- Die herder waarvan ons lees moes onder die omstandighede probeer leef. Tien teen een was hy **brandarm**, tien teen een het hy op die **broodlyn** geleef.
- Die kans was ook baie goed dat hy **nie oor grond beskik het nie of oor sy eie skape nie**. Die 100 skape waarvan ons lees sou nie aan hom behoort nie maar aan een van die Romeinse of Joodse elite en grondeienaars. Die herder sou **namens die persoon die kudde versorg** het.
- Gewoonlik was daar 'n **kontrak** tussen die eienaar van die skape en die herder. Die kontrak sou uiteensit waar die skape mag wei, hoeveel die herder as betaling sou ontvang, en wat sou gebeur indien een van die skape sou vrek of wegraak. Die kontrak sou ook die duur van die werksooreenkoms uiteensit.

#### 4.

---

Ons het nou gehoor onder watter omstandighede 'n herder geleef het. Dit was haaglik en ongelooflik uitdagend.

***Weet een van julle miskien hoe die mense van die Bybel 'n herder beskou het?***

Ons maak baie keer die fout om met die bril van die **Ou Testament** na die Nuwe Testament te kyk. In die Ou Testament, toe die volk nog as geheel nomadies was, was herders gerespekteerde mense.

Dit het egter mettertyd verander. Hoe langer die Joodse bevolking op een plek gewoon het, en belangrik, hoe meer grond in privaat besit gekom het, hoe slegter het die beeld van 'n herder geword. Buite Bybelse bronne vertel ons dat herders op 'n soortgelyke wyse as belastinginvorderaars en prostitute beskou was.

Hoekom? Wel daar is 'n paar redes vir die beskouing.

***Herders was beskou as mense sonder eer of enige skaamte. Hoekom dink julle was hulle op die wyse beskou?***

In die tyd van die Bybel moes 'n man sorg vir sy gesin en hulle altyd oppas en verdedig. Ongelukkig was 'n herder nooit by die huis nie en daarom kon hy nie voldoen aan die vereiste nie.

Herders was beskou as **diewe**. ***Hoekom dink julle was herders op die wyse beskou?***

Ons het reeds vir mekaar gesê dat die grootse deel van Palestina op die stadium waartydens Jesus die verhaal vertel in privaat besit was. Noodgedwonge moes herders die kudde op privaat grond laat wei. Dit was beskou as 'n vorm van diefstal.

Herders was baie keer met rowers of diewe geassosieer. ***Hoekom was dit die geval?***

Omdat 'n herder vir lang tye in die wildernis was kon niemand werklik 'n oog oor hom hou nie. Hulle was ook gewoonlik gewapen met 'n staf, 'n slingervel en somtyds 'n pyl en boog. Gevolglik het die stigma, waar of vals, bestaan dat herders geleentheid het om misdade te pleeg en dat hulle meermale gewelddadige individue is.

## 5.

---

Vriende.

Ons weet nou iets van die agtergrond van die teksgedeelte.

- Die herder besit nie die kudde nie. Hy pas die skape namens die eienaar op.
- Verder weet ons dat hy geleef het in 'n wêreld waar gewone mense soos hy uitgebuit was deur die owerhede van die dag.
- Ons weet ook nou dat die persoon deurgaans in 'n baie swak lig beskou was. Hulle was gewoonlik gesien as 'n persoon sonder eerder of skaamte. Hulle was gesien as diewe en rowers wat geneig is tot geweld.

## 6.

---

Dan lees ons vriende dat een van die skape wegraak.

Onthou, een **skaap was so veel werd soos hierdie herder se maand se loon**. Raak een skaap weg is dit so goed of hy daai **maand nie 'n salaris ontvang** het nie. Verbeel net die **impak wat die verlies van een skaap op hom en sy huishouding**

**sou hê.** Vir iemand wat reeds in absolute armoede op die broodlyn leef sou dit so goed soos 'n doodsvonnis wees. As gevolg van die verlies sou hy op een of ander wyse moes instaan vir die eienaar se verlies (soos wat in die kontrak vasgemaak is).

Die **eerste hoorders, die mense vir wie Jesus die gelykenis vertel, sou verwag dat die herder, 'n persoon sonder eer, 'n dief, 'n rower, 'n geweldenaar, eerder sou vlug en sy familie in die steek sal laat.** Hy kan immers nooit 'n maand se loon terugbetaal nie – hy het nie daai tipe geld nie. Vir die herder sou dit makliker wees om die ander 99 skape te steel en sy familie (wat hy in elk geval nooit sien nie) oor te laat aan hul lot.

**6.**

---

Die herder, so lees ons, tree egter geheel en al anders op.

***Hoe tree die herder in die teksgedeelte op? Wat maak hy wanneer hy besef dat een van die skape weg is?***

Ter wille van die oorlewing van sy familie moes hy die reuse risiko neem. Hy as verstoteling, as verarmde, het nie 'n ander keuse as om die ander 99 in die veld te los en die 1 wat weggeraak het te gaan soek nie.

Kan ons onself in die persoon se skoene indink?

As gevolg van twee koninkryke, en die beginsels en reëls wat daarin tel, het die herder homself bevind in situasie waar hy niks verder gehad het om te verloor nie. Al wat nog van waarde was is die welstand van sy familie. Dit was al wat oor was en dit het die kans wat hy geneem het die moeite werd gemaak.

Teenoor alle verwagtinge tree die herder dan op 'n eerbare wyse op. Hy soek die 'n skaap, wat nie aan hom behoort nie, ter wille van die oorlewing van sy familie.

**7.**

---

***Vriende, wat gebeur wanneer die man die skaap vind en weer terug na die kudde neem? Wat gebeur wanneer die man weer in sy tuisdorp aankom mat al 100 skape?***

Daar is feevieringe.

Kan ons die absolute vreugde indink van die herder wanneer hy die verlore skaap vind? En nog meer – wanneer hy by die ander 99 kom en vind dat niks met hulle gebeur het nie.

Die risiko wat hy geneem het uitgewerk. Deurdat hy suksesvol was, het hy die ramspoedige gevolge vrygespring. In plaasvan dat hy en sy familie in absolute armoede en hongersnood gedompel is, kon hy die kudde aan sy eienaar terug besorg en sy vergoeding ontvang. Weer kon hy vir sy familie sorg.

So groot is sy vreugde dat hy sy familie en vriende bymekaar roep om saam met hom fees te vier. Kan ons dit indink gemeente?

**8.**

---

Gemeente. U wonder seker op die stadium wat die verhaal van die herder en sy verlore skaap met die koninkryk van God te doen het?

***Wat sou julle antwoord leer die gelykenis van die verlore skaap ons van God se koninkryk?***

Gemeente, op 'n baie fyn manier, vergelyk Jesus die aardse, sondige koninkryke waaraan sy gehoor gewoond is met die koninkryk van God. Hy vergelyk die waardesisteem, die reëls en die beginsels met die van die hemele.

Dit doen Hy deur 'n voorbeeld van 'n herder aan hulle voor te hou wat anders leef en optree.

Jesus vertel ook aan ons deur die gebruik van die gelykenis hoe ons moet lewe in die koninkryk van God. Die Koninkryk wat Jesus reeds 2000 jaar gelede hier op aarde sigbaar gemaak het. Met die vertel van die gelykenis toon Jesus aan ons hoe ons ook iets van die koninkryk vandag kan laat deurskemer. Hoe ons, ons wat bely ons

volg in die voetspore van Jesus, kan help om die koninkryk sigbaar te maak te midde die sondige koninkryke hier op aarde.

- In die koninkryke van die wêreld mag net sekere mense behoort - slegs die reines, die magtiges, die Romeine en die Jode. Tog, **in God se koninkryk kan elkeen leef**. Ja, self 'n herder kan deel wees van God se koninkryk.
- Die koninkryk (soos in die geval van die mosterdsaadjie) **manifesteer op vreemde en onverwagse plekke**. Die herder kon ander keuses gemaak het. Tog maak hy die moeilike besluit en tree hy op 'n onverwagse wyse op. In sy vreemde optrede word iets van God se koninkryk sigbaar.
- Verder leer ons dat God se koninkryk juis **ongeweldig** is. Die herder hanteer sy probleem sonder om geweld gebruik. Deur vreedzaam op te tree word iets van God en sy koninkryk sigbaar.
- Leef jy in God se koninkryk moet jy **vertrou dat die Here sal voorsien**. Die herder plaas as ware die ander 99 skape in die hand van die Vader. Hy glo dat die Here sal voorsien.
- In God se koninkryk kan ons nie mense **oordeel of etiketteer nie**. Herders was beskou as diewe en rowers. Tog tree die persoon op soos 'n kind van die Here.
- En laastens, wanneer ons in God se koninkryk leef, moet ons **waagmoed** hê. Somtyds beteken dat ons 'n risiko, 'n waagstuk moet neem in die wete dat God sal voorsien.

## 9.

---

Kom ons maak die gelykenis op ons van toepassing.

Leef ek en jy as dissipel van Jesus in God se ryk moet ons iets van die herder in ons eie lewe sigbaar maak. Op die wyse kies ons vir God en maak ons die ryk sigbaar in die midde van ons aardse ryke.

- Dit beteken dat ons ons deure moet oopgooi en almal in ons midde moet laat welkom voel - selfs die herders van die samelewing.
- Dit beteken dat ons nie langer mag oordeel en mense moet etiketteer nie.
- Dit beteken dat geweld nooit 'n opsie kan wees nie.

- Dit beteken dat ons op die Here in alles moet vertrou en sal glo dat hy die 99 sal behoed en sal bewaar.

**10.**

---

***Hoekom moet ons die moeite doen vriende? Hoekom moet ons poog om soos die herder te leef en op die wyse God se koninkryk sigbaar te maak?***

Daar is net een antwoord en dit is Jesus. Jesus maak elkeen van ons deel van God se familie ongeag van wat die wêreld van jou se of dink. Jesus toon waagmoed deur aan die kruis vir jou en my te sterf. Die risiko wat hy neem werk uit en ek en jy ontvang die lewe saam met God. Dit het hy gedoen sonder om te oordeel en sonder geweld. Dit het Jesus vir jou en my gedoen sonder dat ons dit verdien of vra.

Daarom vriende poog ons om iets van die herder ook in onse lewens sigbaar te maak.

Amen